

Die Here is altyd alles vir sy kinders

Ds. PJ Kriel

Roudiens Martinus Hartman

10.04.2021

Inhoud Hierdie preek wys dat God altyd alles vir sy kinders is . Daardeur maak God dat niks wie ons is of wat ons doen ooit tevergeefs is nie en kan ons altyd vervuld leef met hom en vir hom tot in ewigheid.

Skriflesing 1 Korintiërs 15: 1 – 6, 20 – 28, 50 – 58.

Teks 1 Korintiërs 15: 28 Só sal God alles wees vir alles.

Tema Die Here is altyd alles vir sy kinders

1. Paulus verkondig God die Vader se mag oor die dood in hierdie skrifgedeelte deur twee sake direk teenoor mekaar te stel: “God is alles vir alles” en “tevergeefsheid.”

“Te vergeefsheid” beskryf die effek van die diepste krag en mag van die dood – die tipe verganklikheid wat alles wat ’n mens is niks maak nie. Dit is verganklikheid wat vir ons as mense alles te vergeefs maak. Verganklikheid maak alles wat ons gedoen het en wat ons was, niks. Niks meer in die skepping nie! Niks meer vir mense nie!

Dit is wat ons weer vanoggend hier ervaar met ons afskeid van Marthinus, die tevergeefsheid van wie en wat ons is deur ons eie verganklikheid.

Hierdie verganklikheid word nog meer in ons eie gemoed afge-ets omdat ons wat met Marthinus gebeur het nie ons nie met hom kon deel soos ons alles in die lewe met hom gedeel het nie.

Ons kon nie saam met hom dag vir dag wees nie, maar net enkele oomblikke en dan ook nog baie keer terwyl hy onder verdowing as. Ons kon nie met hom praat en wat met hom gebeur met hom deel soos ons dit graag sou wou doen nie. En dit is nie net weens die Covid-19 nie, maar dit gaan oor iets wat ’n werklikheidsoomblik is in die sterwensproses.

Die dood is ’n oomblik net tussen jou en jou Skepper, net soos jou konsepsie net ’n oomblik tussen jou en jou Skepper is. Daarom is en bly die dood net soos die gee van lewe net ’n magsdaad van God.

Dit is in hierdie magsdaad van God, om die lewe wat Hy binne sy skepping vir Marthinus gegee het, weer terug te vat, dat ons as mense binne hierdie spanning is:

of die vervuldheid dat God alles vir alles is, ook vir Marthinus,

of dat ons niks meer vir God of ons naaste kan wees nie, en dit maak alles tevergeefs. Dit maak alles wie ons vir God is ook tevergeefs.

Die Here is altyd alles vir sy kinders

2. Dit is eers wanneer ons sien wat die dood tussen Marthinus en God doen, dat ons die evangelie van Jesus Christus in die Skrifgedeelte wat ons gelees het, kan hoor: Jesus Christus is op die derde dag uit die dood uit opgewek, as eersteling van die wat gesterf het. (1 Kor. 15: 4, 20)

Opgewek uit die dood beteken presies net wat dit sê:

Christus wat as mens Vrydagmiddag aan die kruis gesterf het, het Sondagoggend as mens weer lewend geword om vir ewig 'n mens van vleis en bloed te wees soos Hy Homself na sy dood aan sy dissipels openbaar het.

Die dood is nie sommer iets natuurliks nie. Die dood kan net iets natuurliks wees as daar geen Skepper is nie. Dit kan nie sommer net natuurlik wees dat God jou maak om saam met Hom mens in sy skepping te wees, dat Hy alles vir jou is in sy sorg en liefde, en eendag is dit sommer net natuurlik dat jy dood is en Hy niks meer vir jou is en niks meer vir Hom is nie.

Daarom stel Paulus dat Christus nie maar sommer net dood gegaan het soos mense nou maar net doodgaan nie, maar dat Hy vir ons sondes gesterf het. Dit is hierdie sonde wat Paulus dan in 1 Kor. 15: 56 beskryf as die “angel van die dood”. Die dood is bedoel om mense van God se liefde en sorg te skei omdat hulle onder die dood as God se oordeel staan.

Die dood wat Christus as mens gesterf het, het die dood as oordeel van God oor sonde beëindig.

3. Hoekom?

Sodat God vir sy kinders alles vir alles sal wees vir ewig, en dit kan God net wees, as Hy die dood se mag verbreek.

Anders is en bly God só 'n tipe God: Ek kan vir jou alles as mens wees totdat jy doodgaan, daarna kan ek nog net vir jou gees sorg, maar jou menswees saam met My in my skepping is vir jou verlore, en daaraan kan Ek niks vir jou doen nie.

Vir jou menswees saam met my as God in die skepping, kan ek vir jou na jou dood niks wees nie! Dit is verby en verlore.

Daarom kondig Paulus Christus se verbreking van die mag van die dood met een kort en kragtige sin aan: “Daarna kom die einde.”

Na wat?

Die Here is altyd alles vir sy kinders

Kom ons vra dit anders. Wanneer is Marthinus se einde? En dit is wat die Here deur sy dood en opstanding doen. Die einde vir Marthinus is wanneer Jesus Christus alles wat skeiding tussen ons en God maak onderwerp het, ook die mag van die dood.

Marthinus se einde kom wanneer Jesus Christus hom uit die dood sal laat opstaan om vir ewig as mens met God in die nuwe skepping te leef. Net soos Jesus Christus elf uit die dood uit opgestaan het om vir ewig mens van vleis en bloed te wees.

4. Dit is hoe God vir Marthinus só God is en vir altyd sal bly:

alles vir alles,
met geboorte,
deur jou hele lewe,
in jou dood, terwyl jy in gees met God is, geskei van jou liggaam,
met jou nuwe liggaam wanneer die Here die hemel en aarde nuut maak sodat ons met Hom sal leef in sy nuwe skepping.

Dit is hoekom Paulus in 1 Korintiërs 15 vers 55 kan aankondig: “Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal.”

Die dood kan ons nie van die liefde van God skei en ons nie vir ewig van sy skepping vervreem nie. Nog minder kan die dood ons liefde vir god tot niet maak asof dit vir god niks was nie. God was altyd alles vir Marthinus, en God het die dood se mag so gebreek dat Hy nou en vir ewig alles sal bly vir Marthinus.

Ons is nie bedoel om geeste te wees nie.

Dit is hoekom ons nie wil doodgaan nie en tot die einde vashou aan die gawe van lewe: omdat dit so besonders is om mens van liggaam en siel te wees, deel van die skepping van God. Net soos Hy ook tot die einde aan sy lewe vasgehou het.

So deel van die skepping dat ons dit kan sien, hoor en voel! Van elke son opkoms tot elke opkoms van die maan! Ons is nie bedoel om geeste buite God se skepping te wees nie. Daarom is God se doel vir ons om weer mens met Hom in sy skepping te wees.

5. In hierdie vaste sekerheid dat God op hierdie wyse alles vir Marthinus was, nou in die dood is en met sy opstanding uit die dood sal wees – kan ons vandag hom in herinnering roep.

Want elke oomblik wat ons met hom gedeel het, is nie weg nie, dit is deel van die ewige lewe wat hy en ons saam met God leef.

Die Here is altyd alles vir sy kinders

Daarom kan hy nou vir ons afwesig wees, maar nooit verlore nie. Sy einde was nie sy dood nie. sy einde is sy opstanding uit die dood om weer met God en ons saam mens te wees.

Met hierdie hoop hoef ons nie alles in die verlede lewend te probeer hou omdat dit alles tevergeefs word as ons met die lewe voortgaan nie. Ons kan Marthinus in herinnering roep met die sekerheid van sy en ons toekoms met God.

Daarom kan ons hom in herinnering roep met die hartseer van sy verlies om nou saam met ons te moes gewees het. Omdat God altyd alles vir alles is, leef ons met die vaste wete dat ons weer met hom saam sal leef deur ons opstanding uit die dood met god in sy nuwe skepping.

Dit is hoe die Here ons laat deel in die oorwinning oor die dood!

Liefde wat ons vir mekaar het, is nie verlore deur die dood nie, dit is bestem om deel van ons ewige lewe met God en mekaar te wees. Daarom kan ons hartseer wees oor liefde wat weg is, maar nie verlore is nie. Nie sy liefde vir ons maar ook nie ons liefde vir hom nie.

6. Daarom hoef ons ook nie te probeer om ons liefde of die verlange, die herinnering en kosbaarheid in hierdie liefde, in onself af te sterf nie. Dit is net soos om kinders te verloor wat immigrer. Hulle weggaan is nie verlore liefde nie, maar liefde wat behoue is, al kan dit nie meer gedeel word met mekaar se teenwoordigheid nie.

Kom ons gaan leef in hierdie geloof en hoop van wie Christus Marthinus en ons met sy opstanding uit die dood gaan laat wees, mense so lewend soos Christus vandag lewend mens is!

Dan weet ons wat het ons verloor! Marthinus se teenwoordigheid met alles wat dit beteken om sy teenwoordigheid te verloor! Dan weet ons dat dit is net sy teenwoordigheid wat ons verloor het!

Nie homself en sy liefde nie – dit is vir ons in die toekoms behoue omdat God nie niks kan wees vir sy kinders nie. Hy is altyd alles vir sy kinders.

Kom ons skud hierdie greep van Marthinus se dood af: ons is nie gedoem tot die magteloos om tevergeefs lief te hê nie, om liefde te gee en te ontvang wat niks gaan word nie. Kom ons gaan leef bemagtig met die Here se opstanding uit die dood:

Niks kan ons skei van God se liefde om alles vir alles te wees nie en só is ons liefde vir die toekoms behoue. Kom ons neem afskeid van Marthinus se teenwoordigheid as mens met ons, omdat hy vir ons nie verlore is deur God wat vir hom alles vir alles sal wees nie.